




Minute-TO-Win-It: ESEGIËL

Instruksies:

- Print vir elke span 'n geraamte op die aangehegde dokument en knip dit uit.
- Gee vir elke span 'n naald en garing.
- Die span wat die geraamte die eerste, of die verste aanmekaar kan werk in 'n minuut se tyd, wen die speletjie.

KOPKRAPPER ANTWOORDE:




Esegiël

Esegiël 3;4;24 en 37

1. Esegiël was die profeet in die Bybel vir wie God die meeste vreemde opdragte gegee het om te doen. Elke opdrag het iets uitgebeeld van dit wat God sou doen.

1a. Wat moes Esegiël eet in God se eerste, vreemde opdrag aan hom? (Eseg 3:1)





1b. Hoe het dit wat hy moes eet gesmaak? (Eseg 3:3b)




2. Die tweede, vreemde opdrag was dat hy op sy linkersy en dan op sy regtersy moes lê, om die sonde van die volk Israel en Juda op hom te neem.

2a. Hoeveel dae moes hy op sy linkersy lê? (Eseg 4:5)



2b. Hoeveel dae moes hy daarna op sy regtersy lê? (Eseg 4:6)




3. In Esegïel 4:12-15 lees ons dat Esegïel sy kos op uitwerpsel moes gaarmaak.


3a. Op wie s'n het die Here eers gesê moes hy dit gaarmaak? (Eseg 4:12)



3b. Esegïel het vir God gesê dat dit vir hom te moeilik was. Waarna het God dit toe verander? (Eseg 4:15)




4. In Esegïel 5:1-5 lees ons dat Esegïel sy baard en hare met 'n ongewone voorwerp moes afskeer. Wat moes hy gebruik?



5. Die Here het in Esegïel 24:16-18 vir Esegïel kom sê dat sy vrou gaan sterf, maar wat mag Esegïel nie doen nie? (Eseg 24:16)



6. Die laaste vreemde opdrag aan Esegïel is 'n baie bekende een. Waarmee moes Esegïel praat sodat dit lewendig kon word? (Eseg 37:1-15)



Hierdie is 'n belangrike teksvers in Esegïel om al die vreemde handeling wat hy moes doen te verklaar: Eseg 24:24